Ges. 12: 1, 2. (of 7: 1, 2) **God alles en in alles** Nt. - Dankfees 1941
Ges. 52: 1, 2. (Ges. 15 ) 4 Mei
Ges. 49: 5
(" 15: 8)

(Rom. 11: 25-36)
12: 1-3.

Rom. 11: 36 - Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid in der ewigheid.

[ Dis baie jammer dat die neiging so sterk bestaan om [sonum v.] Paulus se geskrifte uit te sien as redenerings en spekulasies. baie mense as hulle aan P. dink, dink hulle aan iemand wat ingewikkelde teorieë en stellings opgebou het oor sulke moeilike kwessies soos: Regverdigmaking, Heiligmaking, Geloof, Verlossing ens. En gevolglik is hulle bang of huiwerig om sommige van P. se geskrifte te lees: hulle meen dat dit so swaar en moeilik is om te verstaan, en dat baie van dié dinge met ons daaglikse, praktiese lewe niks te make het nie.

Hd. opvatting het Paulus se waarde as Kampvegter vir die Xtdom vir baie Xtene verminder of vernietig. En een rede waarom dit gebeur het is seker omdat met loop van tyd ~~daar~~ mense lang teorieë en bespiegelinge en abstrakte idees oor P. se geskrifte opgebou is met die gevolg dat ons P. se uitsprake gaan skei het van sy persoon: ons het die man ~~se~~ lewe geskei van sy gedagtes - en d/nie aan P. 'n groot onreg aangedoen.

Ons teks is alreeds 'n goeie voorbeeld. Vir baie mense is dit 'n onverstaanbare, ongenaakbare woord: "want uit Hom en deur Hom & tot Hom is alle dinge". En dit sal vir ons so bly totdat ons sien dat hd woorde nie mr. 'n opp. gesels. [spel met woorde] 'n ~~koue~~ mystieke redenering is van 'n geleerde in sy studeerkamer nie, mr. die hartstog uitroep uit die grond van die hart van 'n man wat staan in die midde v.d. lewensstryd. As Paulus roep hier in sy lofsang, nadat Hy God geprys het: "Want uit Hom & deur Hom & tot Hom is alle dinge" - dan is dit nie sommer net 'n interess. feit wat hy hier ~~ek-~~ kleurloos nie - mr dis 'n diepe, brandende oortuiging van 'n man wat waaragtig glo en uitleef wat hy bely!

En by die be-eindiging + afsluiting van ons Dfees v/a het ek met opset hd-woord van P. gekies omdat dit in 'n paar woorde vir ons as gemeente saamvat ~~opsom~~ alles wat ons die afgelope tyd i.v.m. ons Dfeffer beklemtoon het. [~~Dan~~ en miskien ook omdat hd. Dankfees 'n besondere betekenis vir my pers. inhou.]

As ons die hd. wil verstaan moet ons net 'n oomblikkie terugggaan en vra: Hoe was Paulus in hd. hfs. besig? Waaroor het hy gepraat en geskryf? Wat was dit wat hom aan die einde d/van laat uitjubel het in 'n lofsang?

'n Mens hoef nr. net die lofsang in vs. 33-36 weer te lees om te besef dat Paulus hier diep aangegryp was gewees het deur sy eie gedagtes – so diep dat hy homself nie kan keer nie en netnou oorslaan in 'n hymne, lofsang ter eer v God:

„O Diepte v.d. rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte v.d Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?" ~~En~~ dan slotsamevatting: Want uit Hom en deur Hom & tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in der ewigheid."

Nr. wees vra ons: Wat was dit wat P. so aangegryp het? Antw: P. besig in hfs. om tot te neem(?) Vr: Of God sy volk verstoot het? Dink aan hardnekkige weiering van sy eie volksgenote om Jesus aan te neem – groot droefheid – nr. dan kom hy ontdek oortuig dat God se genade & barmhartigheid oorweldigend ~~self~~ groot genoeg is selfs vir sulke verskriklike harde harte: pad na die Vader bly altyd oop. Oorweldig ~~Hom~~ so: breek uit in lofsang wat hy sy hele gedagte opsom met die heerlike wde: want (w. Dsr) uit Hom & deur Hom & tot Hom is alle dinge: Syne is die heerlikheid in der ewigheid!

Sien dadelik: Drie groot gedagtes plus slotsom:



God as oorsprong v. alles, bestierder + onderhouer v. alle dinge en ~~Vol-~~ einddoel v alle dinge!

I God die Oorsprong v alle Dinge: Die eerste groot waarheid wat Paulus hier duidelik & skerp uitbeeld is dat God die Here die Oorsprong, die Bron, die Skepper van alle dinge is. „Uit Hom is alle dinge": Hy is die Oorsaak, die Begin v. alle dinge: alles wat ons is en het kom uit God. Sonder Hom kan daar niks leef en bestaan nie.

Keer op keer beklemtoon P. hd. waarheid – veral waar hy in versk. gemeentes te doen gehad het met ander Gr. filos. idees dat niemand kan sê waar alles sy oorsprong het nie – net vae en onsekere omskrywinge van wie en wat die Oppewese is. By P. niks van dd. onsekerheid, weifelagtigheid: Vas en seker skryf hy daar: Uit Hom is alle dinge. En dan dink Hy aan God die Vader as die Skepper van hemel en aarde, as die Bron van alle lewe! Sien die hand v God in alles!

Ons hoef nr. net oomblikkie weg te draai v.d. gejaag v.d. lewe wat soms ons gedagtes in beslag neem:

– Dink aan hemel & aarde, groot sonnestelsel, onmeetlike hemelruim: elke liggaam sy eie baan, almal miljoene en miljoene – in werking gehou deur die krag van Gods hand: sien Hom as die ~~Gr~~ Groot Argitek v.d. Heelal

– Dink aan die blom v.d. veld, die saadjie wat Hy uitstrooi en die lewe gee; die duisende soorte plante & gewasse, elkeen met eie besondere kleur & geur, elkeen getrou aan sy aard, elkeen besig om die wêreld te verfraai: sien God as die Groot Kunstenaar v.d. Heelal!

– Dink aan die grootste – tot die kleinste diertjie: aan elkeen gee Hy lewe en lig, aan elkeen sy bestaan. Ook aan die mens as die Kroon, die Sieraad, die glanspunt van die Skepping gee Hy lewe, die wonder v lewe wat elkeen v. ons besit: dan sien ons Hom as die Groot Skeppende Krag [Vader] v.d. Heelal!

– Dink aan die gees v.d. mens: verstand, gemoed, wil!

Dis die wonder, die wysheid, die almag van so 'n God wat Paulus se gemoed heeltemal oorstelp en hom laat uitroep as hy staan voor die altaar v.d. onbekende God in Athene: Hand 17:22 ens —

„Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal asem en lewe gee; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons."

Wat sê dit nou vir ons? Bring dit ons nie baie diep onder die indruk van: [Besef ons dit genoegsaam? Leef ons asof ons dit glo?]

① Die genade van God nie! Besef: God het ons nie nodig nie – Kan sonder ons klaarkom – volmaak in Homself – mr uit vrye genade wil Hy alles aan ons gee: Lewe en Oorlaed! Besef ons genoegsaam: my lewe is 'n geskenk v God aan my? → Hoe gebr. ek dd. lewe?

② Gee ons wonderlike sekerheid, rustigheid, standvastigheid, kalmte v. gemoed: ons weet, al verstaan ons nie: daar is 'n Skepper van hemel & aarde, vandaar alles wat leef en beweeg!

③ Trek ons gedagtes na Bo – verhef ons bo die aardse dinge: // bring ons te staan voor die ewige almagtige God! // Want diep in elkeen v. ons se harte is daar die onuitdrukbare behoefte om God so te ken – en om so 'n God te aanbid as die ewige en almagtige God Bo ons. Sonder dd. aanbidding het ons lewens geen betekenis & geen doel // die mens wil 'n God hê Bo hom verhewe wat hy kan aanbid as die Skepper, die Bron, die Oorsprong v. alle dinge: en so gee P. ons as hy sê: Uit God is alle dinge

II God die Bestierder & Onderhouer v alle dinge:

Mr. Paulus beklemtoon nog 'n ander waarheid, sonder die eerste baie onvolledig sou wees. Hy teken nie alleen God as die Oorsprong van alle dinge nie, mr gaan verder en sê: Die God wat ek ken en dien is nog baie meer: ① Hy is nie net die God v.d. natuur nie, mr. ook die God v.d. geskiedenis: nie net die ② Skepper van hemel & aarde nie, mr. ook die onderhouer & bestierder v. alles, nie net die ③ {Fontein / Bron} nie mr. ook die Lewensstroom! Deur Hom is alle dinge.

Weer kyk ons rondom ons en sien dit alles



bevestig in die natuur en in ons eie lewe elke dag!

— Ons dink mr. net aan die natuur met al sy lewe & groei: van jaar tot jaar gee God reën en sonskyn, somer & winter, tyd van groei en tyd van rus, tyd van saai en tyd van maai. Alles so wonderlik gereël om te sorg vir die bewaring en voortplanting v.d. natuur. Ons saai & plant mr God gee wasdom!

— Ons dink aan die mens wat bly lewe van geslag tot geslag, ten spyte van siekte & dood, oorlog & stryd, ten spyte van vernietiging & uitdelging, ten spyte v.d. mens se ongehoorsaamheid aan die wette v.d. natuur en die wette v.d. gees: God onderhou in liefde.

— Mr. ons dink veral aan die ewige lewe in die hart v.d. mens, aan sy gees (verstand, hart, wil): selfbesef: alle uitinge daarvan: Kuns, Kultuur, wetenskap: uit God se hand: ~~[illegible]~~ dit is nie genoeg vir die gees v.d. mens om te weet dat daar 'n Skepper is daarbo nie. die mens se gees het net so 'n sterk behoefte om 'n God te ken wat met en langs hom kan leef en werk: en daarom stuur God Sy Seun, Jesus Xtus, as die Kanaal, die Instrument, deur wie alles onderhou en bestier word! // Dis hd. Xtus wat kan leef op die aarde as 'n mens onder mense – om een van ons, een met ons, een by ons – om vir ons God as ons Vader te kan herken: as die Vader wat in eindelose liefde en ontferming & geduldige lankmoedigheid ons verdra en vergewe; 'n Vader. 'n Vader wat vir my sorg en onderhou; wat my ware lewe wil gee! // Dis hd. Xtus wat my die pad na die hemel oopgemaak het en nog oopmaak elke dag: die hemel van geluk en vreugde en waarheid en skoonheid wat hy reeds hier aan ons wil gee! {Ten spyte daarvan dat mens hom losgemaak, weggebreek het v. God kom God weer: gee alles!

Dit is die Jesus wat Paulus se lewe aangegryp het die "Jesus deur wie alles is geworden. Lewensstroom / Bestier Die Woord by God en self ook God" nie 'n Jesus wat ver Bo my staan nie, mr. as my Vriend, Leidsman, Verlosser langs my kan lewe, my help in my stryd, my krag gee in swakheid, my

troos gee in droefheid – en my die lewe gee en die dood!
– Besef ons watter wonderlike God ons het? nie alleen as Skepper nie mr. ook as Bestierder – ook van my lewe? (nie doelloos lewe?) nie alleen as God Bo my nie, mr. ook Met My? Het ons al die gawe aangeneem?

Want uit Hom en deur Hom is alle dinge!

Ons sluit:

III God as Einddoel v. alle Dinge: „Tot Hom is alle dinge"

So kan Paulus om sy driehoek te voltooi:

Nie alleen God as Skepper & Onderhouer → ook Voleinder
" " " Oorsprong & ~~Instrument~~ → ook ~~Eindpunt~~
Begin & Voortsetting → " Einddoel
Fontein & Lewensstroom → " Oseaan

Dit is die God wat ek ken & dien – 'n God soos daar geen ander is: Nie alleen is Hy die Aanvang van alle dinge nie, mr. ook is Hy besig om alles na 'n groot einddoel te stuur waarin Hy verlang dat die mens sal terugkeer na God om Hom vrywillig te dien & lief te hê, om alles aan God toe te wy, omdat alles aan Hom behoort. En ~~dit~~ dd. werk volbring God in ons harte deur sy H. Gees aan ons gegee wat in ons bly en ons harte ophef tot God om Hom te dien met alles wat ons is en het // Want wanneer Sy Gees ons leer ~~[illegible]~~ eenmaal verstaan het dat alles van God kom: my lewe, my huis my voorregte, my geld my goed – my hele bestaan: dan eers sal ons kan ~~kan~~ verstaan dat alles weer na Hom moet teruggaan: Dan sê ek nie meer: Dit is myne nie! mr: Dis die Here s'n. Dis vir my plesier nie!.. : Vir Sy groot werk & doel!



Ook hd. behoefte is daar in elke mens se hart: om te lief ander die liefde dat daar 'n einddoel, 'n vaste klimaks is waartoe sy lewe opvoer — en dit is hd. groot eindideaal wat God kan gee deur Sy Gees in my as my Raadgewer, my Helper, my onfeilbare Gids // en doel en strewe en stukrag aan my lewe te gee! // Pause

So word die behoefte van my ~~hart~~ lewe bevredig:

So leer ons God ken as Vader, Seun en H.Gees: as Vader Bo my, as Seun Met my, as Gees in my oral, altyd: God alles en in alles! // Soos die fontein op land sy water uitstoot in die stroom wat dit see-toe voer en die wind dit vandaar weer terugdra na die land, so leer ~~so~~ ons God ken as die Fontein van alle lewe wat Sy Seun as Lewens-Stroom gee & uitmond in die ~~[illegible]~~ ons oseaan van ons lewes: ~~[illegible]~~ en so dra die H.Gees ons lewe weer terug na die Bron v. alle lewe! Blom : Son

As dit alles dan so is, → Syne die heerlikheid in alle ewigheid
wat moet dan die antw. van ons lewes wees?

③ Dryf dit ons nie uit om ~~ook~~ te sê: nie net my geld nie, mr. alles wat ek is en het gee ek aan God terug → van wie ek alles ontvang het!

② Vul dit nie ons lewe met 'n nuwe besieling, nuwe inspirasie omdat ons harte vervul word met dankbh. & vreugde dat ons so 'n God kan ken, aanbid en liefhê!

① Laat dit ons nie vanself antw: Dis in dd. gesindheid dat ek my dankoffer bring!

„Want uit Hom & deur Hom & tot Hom is alle dinge" – ook my lewe.

Amen!